**HARTENBOS VAKANSIEDORP HUISEIENAARS VERENIGING (HVHV)**

**KLAGTE PROSEDURES VIR LEDE TEN OPSIGTE VAN HVHV GEDRAGSREëLS & GRONDWET**

## 1. Doel

Die doel van hierdie prosedure is om 'n eenvoudige, billike en vertroulike proses daar te stel vir die indiening en hantering van klagtes rakende beweerde oortredings van die HVHV se Grondwet en Algemene Gedragsreëls. Die prosedure is gegrond op die beginsels van natuurlike geregtigheid.

Hierdie klagteprosedure dien as 'n administratiewe riglyn vir die hantering van klagtes en vervang, wysig of beperk geensins enige bepaling van die Konstitusie nie. Hierdie prosedure moet saamgelees word met die Konstitusie. In die geval van enige teenstrydigheid tussen hierdie prosedure en die Konstitusie, geniet die bepalings van die Konstitusie te alle tye voorrang.

Die HVHV Bestuur, Oordbestuurder en die administratiewe diensverskaffer, Status Mark, is verantwoordelik vir die implementering van hierdie prosedure.

## 2. Beginsels

Alle klagtes sal:

- vertroulik hanteer word en slegs met persone gedeel word wat by die proses betrokke is;
- billik en onpartydig ondersoek word;
- aan beide partye die geleentheid bied om hul weergawe te stel;
- op grond van die beskikbare feite en bewyse oorweeg word voordat enige besluit geneem word.

## 3. Indiening van 'n klagte

3.1 Lede word aangemoedig om, waar moontlik, die saak eers direk met die betrokke persoon of deur bemiddeling met die Oordbestuurder op te los.

3.2 Indien die saak nie opgelos kan word nie, of indien die bewerings ernstig van aard is, kan 'n skriftelike klagte ingedien word.

3.3 Die skriftelike klagte moet:

- die klaer se besonderhede bevat;
- 'n volledige beskrywing van die beweerde insident(e), met datums, tye en plekke waar moontlik;

- enige beskikbare ondersteunende bewyse insluit; en
- toestemming bevat dat die HVHV die persoonlike inligting vir die ondersoek van die klagte mag verwerk.

3.4 Anonieme klagtes kan nie ondersoek word nie.

3.5 Klagtes teen die Administratiewe diensverskaffer, Status Mark, en/of die Oordbestuurder, moet nie by Status Mark ingedien word nie, maar moet skriftelik en direk aan die Voorsitter van die HVHV Bestuursraad gerig word. Die Voorsitter sal sodanige klagtes administreer of ‘n geskikte onafhanklike persoon aanwys om die administratiewe proses te hanteer, ten einde die billikheid en onafhanklikheid van die proses te verseker.

## 4. Proses

4.1 Alle klagtes moet skriftelik by die administratiewe diensverskaffer, Status Mark, ingedien word behalwe klagtes teen Status mark en/of die Oordbestuurder, wat ingevolge paragraaf 3 direk aan die Voorsitter van die HVHV Bestuursraad gerig moet word.

In dringende gevalle mag 'n klagte mondelings aangemeld word, mits dit binne twee (2) werksdae skriftelik bevestig word.Status Mark sal die ontvangs van die klagte binne vyf (5) werksdae skriftelik erken.

4.2 Die beweerde oortreder sal 'n afskrif van die klagte ontvang en vyf (5) werksdae gegun word om skriftelik daarop te reageer.

4.3 Na ontvangs van die reaksie sal die HVHV Bestuur die klagte, die reaksie en alle beskikbare bewyse binne tien (10) werksdae oorweeg om te bepaal of daar voldoende gronde bestaan om die saak verder ingevolge die Algemene Gedragsreëls te hanteer.

4.4 Indien die HVHV Bestuur bevind dat daar onvoldoende gronde bestaan om met die klagte voort te gaan, sal beide partye skriftelik daarvan in kennis gestel word.

4.5 Indien die HVHV Bestuur bevind dat daar voldoende gronde bestaan om met die klagte voort te gaan, sal beide partye skriftelik daarvan in kennis gestel word, waarna die saak ingevolge die Algemene Gedragsreëls verder hanteer sal word.

4.6 Die rol van Status Mark en die Oordbestuurder is uitsluitlik administratief van aard en sluit nie die beoordeling van die meriete van ‘n klagte of enige besluitneming daaroor in nie.

4.7 Alle dokumentasie en korrespondensie met betrekking tot die klagte sal vertroulik hanteer en veilig geliasseer word.

4.8 Die bevoegdheid om enige besluitneming rakende die klagte te neem, berus uitsluitlik by die HVHV Bestuur.

## 5. Geskilbeslegting

Hierdie prosedure moet saamgelees word met die HVHV Grondwet. Waar hierdie prosedure nie vir ‘n bepaalde aangeleentheid voorsiening maak nie, of waar daar enige teenstrydigheid tussen hierdie prosedure en die Grondwet bestaan, sal die bepalings van die Grondwet van toepassing wees en voorrrang geniet.

Enige geskil wat uit hierdie proses voortspruit, sal hanteer word ingevolge die HVHV Grondwet, naamlik:

- Klousule 32 – Geskilbeslegting deur bemiddeling; en
- Klousule 33 – Arbitrasie.